

BOEKBESPREKING

P. A. Verhoef, **MALEACHI**, Commentaar op het Oude Testament, J. H. Kok, Kampen 1972. 278 bladsy. Prys: f37,50.

Hierdie kommentaar in die bekende Gereformeerde reeks is sekerlik 'n bydrae tot die kennis van Maleagi wat nie genegeer kan word nie. Reeds die omvang laat die voornemende leser vermoed dat hy hier met 'n indringende werk te doen gaan kry — en dit is by nadere ondersoek inderdaad die geval. As mens die werk in breë trekke moet tipeer, sou gesê kon word dat dit nie 'n kritiese kommentaar sonder meer is nie, maar ook nie 'n „teologiese” kommentaar wat in die populêre sin van die woord net „preekstof” wil gee nie. Dit is 'n werk wat histories en filosofies verantwoord wil wees en as sodanig die teologie wil dien, en dus alleen bruikbaar is vir die bona fide eksegeet. Dit is 'n gesonde grondslag, en wanneer daar nou een en ander by wyse van kritiek gesê word, moet dit teen hierdie positiewe agtergrond gesien word.

Eerstens moet gewys word op 'n aantal formele hinderlikhede in die boek. Die outeur wil meermale die direkte woorde van 'n ander aanhaal, en doen dit dan uit 'n vertaling van so 'n werk. As die oorspronklike nie beskikbaar is nie, moet daar liewer 'n Nederlandse vertaling gebied word. Verder skep te veel aanhalings 'n onegalige effek by die leser. Die outeur is ook te lief vir die gebruik van uitroepetekens in 'n wetenskaplike werk (of moet dit op die rekening van die vertaler, prof. J. H. Kroeze, kom? — Hy is in sy Josuakommentaar selfs nog meer eksklamatief). 'n Hele aantal drukfoute is nie die skrywer se skuld nie, maar die **k'tib perpetuum „Föhler”** (**q'erē „Föhler”**) is beslis 'n vergissing van hom. Die aanhaling en afkorting van wetenskaplike werke is inkonsekwent, waarmee die afwesigheid van 'n bibliografie seker saamhang. Buitendien is 'n bibliografie van groot waarde in 'n boek waarin die skrywer van so 'n uitgebreide belesenheid blyke gee.

Verhoef doen moeite om dwarsdeur sy werk die wetenskaplike mening aan die woord te stel en grondig met ander geleerdes in gesprek te tree. Sonder om te beweer dat hy 'n bevange ortodoksisme aan die dag lê, moet egter daarop gewys word dat die skrywer 'n neiging vertoon om 'n histories-kritiese vraag op Gereformeerde prinsipiële grond te beantwoord. Dit is natuurlik toe te skryf aan die prinsipiële voorveronderstellings van die skrywer en daarom staan die hele kommentaar in hierdie teken. Vgl. hieroor bv. p. 22 (die ou storie van die bronnepplitsing wat „voor ons” geen waarde het nie). Dit moet egter duidelik gestel word dat hierdie saak nie op die spits gedryf word nie. Die groot

rol wat die verbondssamehang vir die verstaan van die prediking van Maleagi by Verhoef speel, is ongetwyfeld korrek. Dit is van die profesie as geheel waar dat in terme van die verbond op situasies gereageer word. Juis daarom is dit 'n bietjie onbillik van Verhoef om geleerdes van 'n gebrek aan hierdie insig te beskuldig wanneer hulle **spesifieke** trekke van Maleagi tipeer as nasionalisties of legalisties geïnteresseerd (vgl. pp. 59 en 64). Indien Maleagi soos ander profete in die verbondssamehang staan, sluit dit nie uit dat hierdie trekke besonderlik by hom kan voorkom nie. Wanneer sulke besondere trekke as „nasionalisme” of „legalisme” uitgewys word, beteken dit nie dat Maleagi uit sy verbondssamehang losgewikkel word nie.

Die vertaling van die Hebreeus is deurdag en lewendig, hoewel veel daarvan seker tot die krediet van prof. Kroeze gereken moet word. Die vooropstaande eienskap van die kommentaar is egter die uitvoerige eksekese. Noukeurigheid word die teks taalkundig en tekskrities ontleed, terwyl die konteks en historiese bepaaldheid nooit uit die oog verloor word nie. Dit beteken egter nie dat ons dit eens is met alles wat in die eksegetiese gebied word nie. 'n Gedetailleerde bespreking is in hierdie resensie nie moontlik nie. Tog kan verwys word na die skrywer se afwysing van 'n standpunt wat in laaste instansie weer sy eie slotsom word (pp. 88-90 oor die relatiewe of absolute interpretasie van die haat van God). Verder kan kritiek ook uitgespreek word op die fynere uitwerking van die motief van die regsgeeding in Mal. 3:5 (pp. 206-207), waar **qrb 'l** nie in vyandelike sin gebruik word nie, maar van 'n getuie, terwyl die regterskap van God alleen uit die konteks blyk. Hierdie enkele opmerkings betref egter nie wesenlike saaklike kritiek nie.

Verhoef hou altyd rekening met die vervulling van die Ou Testament in Christus, maar laat nie toe dat die Nuwe Testament die lees van die Oue só bepaal dat inlegkunde plaasvind nie. Telkens word na die Nuwe Testament verwys en die relevansie van Maleagi onder die nuwe bedeling kom ook aan die einde van 'n afdeling ter sprake (bv. p. 165). Dit is inderdaad welkom in 'n kommentaar wat nie alleen histories wil wees nie, maar ook die teologie en kerklike prediking van diens wil wees. Die openbaringshistoriese lyn van die Ou Testament na Christus beteken nie alleen dat die Ou Testament in Christus vervul is nie; daaruit vloei ook voort dat elke deel van die Ou Testament sy besondere betekenis in die kerk het. As Christus die Ou Testament vervul het, beteken dit dat sy lig oor elke deel daarvan moet val nadat die eksegete onbevange uitgelê het wat die **Ou Testament** sê. Daarom kan ons instemming betuig met Verhoef se werkswyse, maar ook opmerk dat hy ietwat meer ruimte aan hierdie dimensie

kon gegee het. So word die betekenis van Elia nie voldoende uitgewerk nie (pp. 277-278, waar, terloops, 'n foutiewe interpretasie van 'n rabbynse beskouing oor die funksie van Elia gegee word — as die verwysing na die Misjina Eduy. 8:7, Tos. Eduy. 3:4 en die Talmud Kidd. 71a is).

Samevattend kan gesê word dat Verhoef se Maleagikomentaar 'n deeglike eksegetiese werk is wat van veel nut sal wees vir die prediker wat saam wil eksegetiseer.

J. A. Loader.

AANKONDIGING

Die verskyning van 'n nuwe tydskrif, „Ter Herkenning,„ het pas onder die aandag van die Redaksie gekom. Hiermee word die eerste nommer kortliks bekendgestel. Die tydskrif verskyn in 's-Gravenhage en Brussel, en wel in vier nommers van 32 pp. plus een dubbelnommer per jaar. Die intekenprys bedra f15.

Die tydskrif is gewy aan die diens van Joods-Christelike betrekkinge. Dit vervang die tydskrifte „Kerk en Israel” en „Christus en Israel”. Uit die eerste nommer is dit duidelik dat die Hervormde teologie in Suid-Afrika ernstige bedenkinge sal hê oor die prinsipiële uitgangspunt van die tydskrif. Hy oriënteer hom aan die „nuwe insigten” oor die rol van Jodendom en Christendom in die wêreld. Jodendom en Christendom het niks minder as die welsyn van die mensdom en die hoop vir die wêreld tussen hulle aan die orde nie. Hoewel die teenstelling nie negeer moet word nie, moet hulle veral nie beklemtoon word nie, en so moet 'n forum ontstaan waarin Jood, Rooms-Katoliek en Protestant saam kan konfereer. Juis hier is ons bedenking geleë. Jode en Christene is na die mening van die redaksie van „Ter Herdenking” saam geroepe tot die een diens aan die humaniteit, die inset vir geregtigheid en vrede.

Die godsdienstige lewe gaan uit bo die „formules van de geloofsbelijdenis” en die godsdienstige vraag „concentreert zich op de mens”. Daarom moet die Christendom afsien van sy verouderde oortuiging dat die Jode teruggeroep moet word tot hul Messias Jesus Christus. Die godsdienstige renaissance beweeg rondom die eksistensiële vraag na die sin van die menswees in die wêreld. Dat die kerk die nuwe Israel is wat die ou Israel terug moet roep na die vervulde verbond, is 'n valse superioriteitswaan en nie ter sake nie. Waar dit om gaan, is die begrip vir mekaar tot verbetering van menseverhoudings.

Daarmee is die teologiese oordeel oor die prinsipiële standpunt van die blad gevel — ons kan nie saamgaan met 'n avontuur

wat Christus minimaliseer en die enigste hoop vir die wêreld elders soek as in Christus alleen nie. Nogtans sal ons goed doen deur die vele nuttige saaklike gegewens wat in die artikels en kroniek van die blad te vind is, nie uit die oog te verloor nie. Sonder om kennis te neem van die denke van ander met betrekking tot Israel, sal ons arbeid onder die Jode ook nie oor die oriëntering beskik om te kwalifiseer as goed ingelig nie.

J. A. Loader.